## 454 U goedheid, Heer, is nooit na waarde







Aan wie dank ek my aardse lewe?
Aan God, wat my nie nodig het!
Wie help as krag my hier begewe,
in nood, as niemand my kan red?
Wie skenk aan my gemoed die vrede,
wie sterk my gees met nuwe krag,
wie seën al my werksaamhede?
Is dit nie Hy, so groot van mag?

En sou ek dan die God nie huildig,
asof ek nie sy guns verstaan?
Sou ek, verwaand en ongeduldig,
sy raad verwerp, sy weg nie gaan?
O, mag in al my handelinge
sy wil en Woord my rigsnoer bly,
mag ek Hom min bo alle dinge,
want met sy guns oorlaai Hy my!

Heer, laat u sorg en troue hoede
gedurig my voor oë bly;
dat dit my leer en lei ten goede,
sodat ek U my lewe wy.
In blydskap bied ek U my sange,
in nood skenk U my steun en troos,
by dood is ek nie vreesbevange,
want u liefde is eindeloos!

Onbekend W.L.Viner (1790-1867)